Desember 2017 **Instituut vir Christelike Onderwys** **Skrywer: Prof. Paul Krüger**

Dank-erediens gehou tydens die Gereformeerde Skool Dirk Postma se 30 Jaar feesvieringe

Dinsdag 8 Augustus 2017
Prof. Paul Krüger

Lees: Deuteronomium 6
Teks: Deuteronomium 6:5 – 7

Hierdie hoofstuk wat ons pas gelees het gaan oor ons en ons kinders en julle wat vandag op skool is, sal eendag ook kan sê ons en ons kinders. Die Pa as hoof van die gesin word aangespreek en die opmerklike is dat hy persoonlik aangespreek word as JY. Hierdie hele hoofstuk is 'n JY hoofstuk. Baie spesifiek gerig op die Pa van die huisgesin. En dan word daar ook in die hoofstuk baie spesifiek genoem van die seun wat vir die Pa 'n vraag vra. Pa en seun, maar ons kan dit ook toepas op die Ma as die opvoeder en is dan ook van toepassing op die dogters van die huis. Ons en ons kinders, ouers as die primêre opvoeders vir seuns en dogters wat die Here aan hulle sorg toevertrou het. Dis waaroor die hoofstuk gaan.

Maar ons kan natuurlik ook die hoofstuk wyer toepas as die gesin. Ouers bly die primêre opvoeders, maar daar is ander wat hulle bystaan in hulle taak, soos die onderwysers. Wat in hierdie hoofstuk staan geld ook vir Christelike skoolonderwys. **Toe Arso, die voorloper van die ICO, die Instituut vir Christelike Onderwys, bietjie meer as 35, 36 jaar gelede ontstaan het**, het ons Deuteronomium 6, hierdie hoofstuk, en daarmee saam die doopbelofte baie sterk as uitgangspunt geneem.

Ek weet ook dit was die geval toe die laerskool Dirk Postma 30 jaar gelede gestig is. Maar intussen het baie dinge verander. Die wêreld het verander. Ons samelewing het verander, drasties verander en selfs die Gereformeerde skool voel hierdie veranderings. Ons worstel, byvoorbeeld, met gebroke huise, huisgesinne. By openbare skole is dit dikwels die minderheid kinders wat nog beide 'n Ma en 'n Pa in die huis het. Dit plaas soveel groter verantwoordelikheid op die oorblywende ouer of voog en maak dat die skool 'n groter verantwoordelikheid het om aan te vul wat by die huis ontbreek. Dis 'n werklikheid.

Ouers het groter ekonomiese- en werksdruk. Ons sien dit in die groter aanvraag van nasorg vir kinders in die middae. Ouers het doodgewoon minder tyd vir hulle kinders... of hulle dink hulle het minder tyd. Kinders word ook baie gouer en baie erger aan verkeerde invloede blootgestel. Ons kan hier maar dink aan die elektroniese media en hoe daar ook al hoe meer sprake is van verslawing aan selfone, aan tablette. Selfs klein kinders speel minder en vind dit moeiliker om doodgewoon net te kommunikeer. Ons kinders word groot met baie en verwarrende beelde, grafika, simbole – juis op hierdie media en dit alleen maak hulle makliker aandagafleibaar en dat hulle meer sukkel... die wat baie vas is daaraan, om sake te integreer.

Nou hierdie veranderings beteken nie dat die Here se aanwysings vir verbondsonderrig verander het nie, maar dit beteken wel dat ons met nuwe oë na 'n hoofstuk soos Deuteronomium 6 sal kyk en ontdek hoe sekere dinge wat nog altyd daar staan vir ons opnuut nuwe betekenis kry in 'n nuwe situasie. Ek wil vanaand saam met u almal, saam julle almal, as't ware kyk met nuwe oë na hierdie belangrike hoofstuk oor ons en ons kinders.

Kyk, die hele hoofstuk en dan so ook ware geloofsopvoeding, verbondsopvoeding, wentel om drie sake... liefde, woorde en dan die toepassing in dade. Dit is waaroor die hoofstuk gaan. Verbondsopvoeding begin by liefde. In vers 4 staan daar die baie bekende woorde "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE". Ons kan baie lank oor hierdie kern belydenis praat, 'n hele preek, 'n aparte preek daaroor hê, maar waaroor dit eintlik gaan is dat die Here enig is. Hy is uniek, Hy is onvergelykbaar en dat Hy daarom vir jou en vir my vir ons die Een en Al is. Ons God is HERE en niemand meer en daarom die volgende vers, vers 5 is Hy al ons liefde waardig. "Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel" dit wil sê met jou hele wese met al jou krag. Jy moet hom liefhê met alles wat jy is en het. Iets wat natuurlik onmoontlik is vir 'n sondige mens, vir enige sondige mens om die Here so volkome lief te hê. Maar dis die standaard wat die Here stel.

Ter wille van Christus wat ons eerste lief gehad het, stort God Sy liefde in ons harte uit sodat ons kan liefhê, sodat ons alles wat ons sê en doen dat dit gedra kan word deur hierdie liefde, ook die onderrig van ons kinders, waaroor hierdie hoofstuk gaan. Dat dit gedra kan word deur die liefde. Dit is 'n gawe van God. Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het. Wat sê dit van ware geloofsopvoeding... sonder liefde teenoor die enige ware God, die enigste God, is alles tevergeefs, help dit nie, kan ons dit maar los. Onderwys is nie bloot die oordra van kennis nie. Dis die uiting van ons liefde teenoor die Here. Dis die uitleef van 'n Goddelike roeping en dan word dit 'n vuur, 'n liefdes ywer, en daardie vuur is die een wat die Here aansteek.

Sy liefde, wek liefde by ons... wederliefde, maar ook by ons wek dit die liefde by ons kinders wat nie van nature dit verdien nie en dan wek dit weer by hulle liefde. Liefde wek liefde. Dis die diepste hart van onderwys, van opvoeding, van verbondsonderrig of kom ons gebruik verder in hierdie preek die woord... lewens-oordrag, want dit is waaroor dit gaan. Dit is wat ware lewens-oordrag is... liefde wat liefde wek. Lig wat lig aansteek. Lewe wat lewe by ander wek. Sonder liefde is daar nie lewens-oordrag nie. Jy kan die kinders allerhande interessante feite en oulike vaardighede leer, maar daarby sal dit bly.

Blaai om

Artikel #3

Dan hoor ons vandag so baie van afstand- en rekenaargesteunde onderrig of onderwys. Dit kan miskien werk op tersiêre vlak en selfs op sekondêre vlak, by die universiteit of by die hoërskool tot op 'n punt, maar die onvolwasse kind het persoonlike lewens-oordrag nodig van 'n Pa en 'n Ma en 'n onderwyser. Mentors van vlees en bloed, by wie hulle leer om lief te hê, die Here lief te hê en hulle naaste lief te hê en al is dit al wat ons kinders leer... is dit die kern.

Die tweede groot saak in Deuteronomium is woorde. Een lang sin van vers 6 tot nege handel oor "die woorde wat ek jou vandag beveel", wat ons daarmee moet doen. Wat hierdie woorde alles behels word nie uitdruklik gesê nie. Dit kan wees die woorde van die vorige verse dat die Here die een enige God is wat al ons liefde waardig is... dit moet ons vertel.

Dit kan wees die verbond van die Here wat sopas as die Tien Gebooie deurgegee is in Deuteronomium 5. Die tien gebooie wat die begin en die samevatting is van die verbond. Dit kan die woorde wees wat die Pa en die seun aan die einde van die hoofstuk vertel, die vertelling van die verlossing. Ten diepste is die woorde wat God ons beveel, die ware leer van die saligheid. Dit sluit in, wie is God, hoe word ek ten volle verlos en hoe wil God gedien word. Die ware leer van die saligheid behels dit.

Lewens-oordrag is alleen moontlik deur die regte woorde. Onsself kan nie lewe wek nie. God wek lewe deur Sy Gees met die Woord. Dis hoekom woorde so belangrik is, die regte woorde. Ons taak is om die woorde wat God gee oor te dra aan ons kinders. Om 'n beeld uit die Nuwe Testament te gebruik, die woord, God se woorde is die saad van die wedergeboorte. Ons taak is om die saad te saai. God sal laat ontkiem, Hy sal laat groei soos Hy dit goedvind. Dis hoe lewens-oordrag plaasvind. Nou word daar 'n paar dinge in ons skrifgedeelte oor God se woorde gesê.

Die eerste is dat hierdie woorde in jou hart moet wees, vers 6, "in jou hart". Nou weet ons dat die hart in die Bybel, in die Ou Testament veral, vir twee dinge staan, dis jou diepste innerlike en dis die setel van jou verstand, nie jou emosie/gevoel nie maar jou begrip. Wat dus hier gesê word is dat jy kan alleen as opvoeder, as ouer, as onderwyser as jyself God se woorde op die hart dra en verstaan. Dit gaan oor eienaarskap, jy eien die woorde toe en jy doen dit met volle begrip. Jy verstaan waaroor die Evangelie werklik gaan.

En dan... wat die hart van vol is sal die mond van oorloop. Die woorde wat God gee sal jy uit die hart aan die volgende geslag oordra maar saam met die praktiese en doodgewone daaglikse woorde en kennis.
Jy sal die woorde van God in jou hart verwerk en as geheel kan oordra as geheel 'n pakkie kan oordra, geïntegreerd met die praktiese kennis van die wêreld, oor dit van die lewe van elke dag.

Onderwys, lewens-oordrag begin altyd by jouself. Hierdie paar verse sluit ook af met vers 9 as aanwysing met die woorde dat jy dit op die deurposte en stadspoorte moet skryf. Dit help nie jy sê... ons gee Christelike onderwys, maar in jou huis en in jou skool is daar so min daarvan te sien. God se woorde moet jou huis, instelling, watter christelike instelling ook al, moet dit stempel.

Dis wat dit beteken dat jy die woorde moet skryf op die deurkosyne en die stadspoorte. Dit moet dit stempel dat almal dit kan sien. Jy moet self wees wat jy sê jy is. Ons is nie 'n Christelike huisgesin of 'n Christelike skool omdat ons sê ons is dit nie, maar omdat ons God se woorde ter harte neem. Kyk, deur die eeue, nog altyd, het mense 'n afkeur gehad aan valsheid en voorgee, maar vandag, meer as ooit tevore... dis ook iets wat in ons samelewing geskuif het, waar alles wat ons feitlik gebruik opgesmuk is. Dit gaan oor die uiterlike.

Dis soos baie dinge wat vervals en nagemaak word, van produkte wat ons koop, rekenaarwerk programme... noem dit maar. Waar dit so baie gaan oor die beeld wat jy moet voorhou. Die openbare skakeling. Daar waar so baie skelmstreke en slenters en korrupsie is, soek mense na die egtheid, na die opregtheid, na die onvervalstheid. Ek gaan nou 'n woord gebruik wat uit 'n ou advertensie kom, ouer persone sal onthou maar ek gaan dit nou omkeer... its inside, its not on top. Dis binne-in. Hierdie woorde wat ek jou beveel moet in jou hart wees.

Die tweede ding wat ons met die woorde van God moet doen is om daaroor te praat. 'n Mens kry die valse idee dat 'n mens nie oor Godsdiens moet praat nie... dis 'n privaat saak, jy praat nie daaroor nie. Selfs ouers hoef nie daaroor te praat nie, die voorbeeld is genoeg. Wat dit nog erger maak is dat ons al hoe meer in 'n stom wêreld begin leef waar 'n mens grafika en prente en simbole verkies bo woorde. As daar nog woorde is, dan is dit die geskrewe woord. Mense sukkel om selfs oor doodgewone goed met ander mense te kommunikeer.

Ek het dit gesien in Moskou, in Suid-Korea, in Amerika, in Europa waar feitlik almal op die moltreine net met hulle selfone besig is en dan gewoonlik ook sommer met ligte goedjies besig is. Geen oogkontak, geen gesprek, geen kommunikasie nie. Hier by ons gaan dit nie werklik beter nie. Jy sal veel eerder vir iemand 'n boodskap per e-pos of whattsapp of wat ook al, stuur as om oog tot oog daaroor te praat.

Deuteronomium 6 is baie duidelik daaroor. Daar moet gesprek wees tussen ons en ons kinders. Hoe min, as ons dit nou werklik gaan ontleed, hoe min minute per dag praat ons met mekaar. Die Here het met ons gepraat, Hy laat Sy lewende woord afkondig. Ons moet met mekaar oor hierdie woorde ook praat. Ons kry dieselfde gedagte in 78 "Wat ons gehoor het en weet, wat ons voorouers vir ons vertel het mag ons nie vir ons kinders wegsteek nie. Aan die volgende geslag sal ons die roemryke dade van die Here vertel".

Blaai om

Desember 2017 **Instituut vir Christelike Onderwys** **Skrywer: Prof. Paul Krüger**

Ons kategismus noem dat God sy Christene, nie deur stom beelde nie maar deur die lewende verkondiging van die Woord laat onderrig. So wanneer daar gepreek word doen ons eintlik iets wat ingaan teen die tydsgees. Die tydgees wat vra vir minder woorde, meer simbole, meer voorbeelde. Geloof kom deur die gehoor. Ons leer nie bloot van God in boeke of elektroniese media nie maar deur die mond van 'n leermeester nadat dit deur die hart van die persoon gegaan het.

Wat geld vir die gemeente, geld ook vir die klas. Daar word vertel van wat God in die geskiedenis gedoen het. Sy groot dade in die natuur, dit word by die naam genoem, afgesien van al die wonderlike hulpmiddels wat ons het, word daar gepraat en gesprek gevoer. Nog iets wat teen die tydsgees ingaan is die opdrag om die woorde te herhaal. Om weer en weer en selfs op verskillende maniere dieselfde leer van die saligheid te bring.

Die woord wat in vers 7 gebruik word kan ook vertaal word as inskerp. As jy iets inskerp, insny, ingrif. Jy moet dit inskerp by jou kinders, staan daar – as jy daaroor praat. God wil hê dat die A,B,C van die lewe deur herhaling geleer word. Waar nodig word God se woorde selfs gememoriseer, uit die kop geleer. Dele van die Bybel uit die kop geleer. Dit word diep in die hart en in die geheue ingegrif.

Die beskikbaarheid van so baie inligting vandag het die waarde van woorde verminder. Vir ons is gedagtes en woorde en idees vervlietend. Dis nou op die skerm en netnou dan is dit weg. Nou soek jy 'n dokument wat jy netnou gesien het en nou kry jy hom nie weer nie. Dit gebeur ook. Dit was werklik saak maak en dit wat ewigheidswaarde het is 'n boodskap wat vas staan en wat elke keer maar weer herhaal moet word.

Waar Psalm 1 vers 2 verwys na die regverdige wat God se woord, Sy wet, dag en nag oordink. Word 'n woord gebruik wat dui op mymering op die sagte opsê van woorde, soos die Evangelie. Dis nie 'n lesing wat ons eenmaal hoor en klaar nie, maar soos 'n lied, 'n lied wat ons van God ontvang het en wat ons altyddeur weer sing. Selfs sing met variasies altyd getrou aan dit wat ons van God gehoor het, te sing en weer sing – die lied van ons hart. Hoe meer ons dit sing, hoe kosbaarder word die lied vir ons. Jy moet dit jou kinders inskerp en met hulle daaroor praat. Wanneer moet ons dit doen, waar moet ons dit doen.

Die res van vers 7 en vers 8 gee daarop die antwoord naamlik altyd en oral. By die huis en as jy op pad is, wanneer jy gaan lê en as jy opstaan. In wat jy doen... daar staan bind dit as 'n teken op jou hand. Jy hoef nie op jou hand iets te tatoeëer nie, maar dis nie woorde van God wat hier by jou is en wat jy doen. Jou uitkyk op die lewe... dit moet 'n band, 'n teken tussen jou oë wees.

Die Evangelie moet dus nie net uit die hart uit kom nie. Nie alleen herhalend, met woorde gepraat word nie, maar moet ook in die volle lewe gebring word. Betrokke, prakties, toegepas op vraagstukke van ons tyd, want wat is dit... dis lewens-oordrag. Iets wat ons nie in die privaatheid of in 'n hoekie beoefen nie. Nie beperk tot die huisgodsdiens of die vak Bybelonderrig nie of Kerkgeskiedenis nie, hoe belangrik dit ook al is.

Ons beleef en deurleef die woorde van God in die volle lewe en daarom praat ons met ons kinders. By die huis, as ons op pad is. Maak ons tyd deur die dag, maak ons tyd in die aand, maak ons tyd in die vroegoggend. Ons is so gewoond om in ons tyd stiltes vol te maak, miskien met musiek. Ons is so gewoond om elk op sy of haar eettyd voor die televisie of die rekenaar te sit. Gebruik ons die goue geleenthede wat die Here ons gee om ook langs die pad en daar waar ons ontspan, oral en altyd te praat oor die dinge wat ewig saak maak.

Nou die laaste groot tema in Deuteronomium hoofstuk 6... en dit is dade.

Daar is 'n rede daarvoor dat ek die hoofstuk van vers 1 af gelees het en nie eers van die bekende woorde in vers 4 nie, maar van vers 1 af, want die hoofstuk begin en eindig met dieselfde saak naamlik gehoorsaamheid aan die opdragte van die Here waar ons dinge anders doen as mense wat die Here nie ken nie. Die derde groot tema is juis dit en nou haal ek aan uit die hoofstuk vers 13 "jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien". Vers 2 en vers 17 "ywerig onderhou wat ek jou beveel het". Vers 18 "doen reg en wat goed is in die oë van die HERE".

Christelike lewens-oordrag begin by liefde tot God, ja, ons het dit eerste gesien, dit word gevestig deur woorde wat herhaal word en nou liefde word uitgeleef in dade. Ons geloof het nie net 'n hart en 'n mond nie maar het ook 'n hand en voete. 'n Mens kan nooit genoeg aandag gee aan hierdie saak nie. Dat ons vir ons kinders leer oor hoe 'n kind van die Here behoort op te tree. Dat ons vir hulle wys, maar so leef 'n Christen.

In 1 Timoteus 4 skryf Paulus oor die oefening in die Godsaligheid soos 'n gimnas oefen. Ons kan die woord Godsaligheid daar ook vertaal met vroomheid. Oefen jou in vroomheid. Oefen jou... ons kan dit ook vertaal om met toegewyd aan God te lewe of 'n Godvresende lewenswandel. En die vraag is of die saak werklik genoeg aandag kry in ons lewens-oordrag. Is ons, of word ons al hoe meer wat ons sê ons is. Is daar 'n merkbare verskil tussen ons kinders en kinders wat nie Christelike onderwys ontvang nie. Hoe lyk die boom se vrugte.

Nêrens word gesê dat ons deur 'n Godvresende lewe God se guns verdien nie... laat ons daaroor duidelik wees. Hier in Deuteronomium 6 word dit wel gesê dat dit goed sal gaan as jy reg doen, daar is seën maar dit sê nie dat dit jou God se kind maak nie. Hier word gepraat met verbondskinders wat reeds die Here se goedheid ervaar. Reeds uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry is en in die taal van die Nuwe Testament word ons nie geregverdig

Blaai om

deur ons dade nie maar enkel en alleen deur die soenverdienste van Jesus Christus.

Hier word nie van die regverdigmaking gepraat nie, hier word van die heiligmaking gepraat. Daardie pad van lewensvernuwing waarop die Here Sy kinders wil lei en dit word veral duidelik aan die einde van die hoofstuk en daarmee sluit ons af. Daar is altyd 'n rasionaal vir ons Christelike lewenstyl. Nou wat beteken dit? Jy doen nie die dinge bloot omdat dit tradisie is nie of gewoonte is nie, maar dat daar 'n rede voor is. En ons is, wat ons kinders die lewens-oordrag gee is, is verantwoordbaar daarvoor. Ons Godsdiens is sinvol of sinryk. Romeine 12 vers 2 gebruik die woorde redelik of logies en daarom moet ouers en onderwysers altyd bereid wees om die toepassing van God se gebooie in vandag se lewe te verduidelik en te sê maar DIS hoekom ons dit doen.

Dit te anker in die Evangelie van God se reddingsdade. Sommer is nie 'n rede nie. Wel dat God ons in Christus uit gered het. Wel dat Hy ons anders gemaak het as ander mense, wel dat Hy vir ons riglyne in Sy Woord gegee het oor hoe om op te tree. Dis die groot rede.

Nou eindig Deuteronomium 6 op 'n aangrypende manier, ons het dit saam gelees. Die seun vra vir die Pa nou wat is die bedoeling van al hierdie dinge wat die Here vir ons voorgeskryf het (vers 21). Wat is die bedoeling van al hierdie dinge? Hoekom? Waarom moet ons al hierdie dinge doen?

En dan antwoord die Pa die seun deur mooi te vat en te vertel wat die HERE gedoen het en hoe Hy hulle uit Egipte bevry het, hoe Hy vir hulle 'n nuwe lewe gegee het in 'n nuwe land en hoe Hy net die goeie en die vol lewe vir hulle wil gee.

Daarom wil die Here hê ons moet volgens al Sy voorskrifte lewe en daarby (vers 25) die laaste vers, dit sal ons tot heil strek. Dit sal geregtigheid vir ons wees as ons hierdie dinge nougeset nakom in die teenwoordigheid van die HERE.

Met ander woorde my kind, dis reg om dit te doen en dit is tot ons beswil. Dit is omdat dit gaan oor die lewe en dit in sy volheid. Dit is tog die hoogtepunt van lewens-oordrag. Waar jy van Hom vertel wat gekom het juis sodat ons nou al waarlik voor God kan lewe, nou en eendag in heerlikheid, maar nou al die lewe kan hê en dit in oorvloed. Onderwys wil kinders lei tot 'n vervulde lewe in Christus.

Amen.

Blaai om